



**Western Cape  
Government**

Local Government



**Jaarlikse Prestasieplan 2017-18**  
Departement van Plaaslike Regering

**WES-KAAP**

**DEPARTEMENT VAN  
PLAASLIKE REGERING**

**Jaarlikse Prestasieplan  
2017-18**

## VOORWOORD


Die Provinsie het 'n armoedekoers van 35% en dit behoort die dryfkrag agter die regering se ingryping onder gemeenskappe te wees. Dit beteken dat die volgehoue lot van armes nie misgekyk moet word nie, aangesien dit tot 'n toename in die vraag na regeringsingryping of -dienste lei.

As ek terugkyk oor die afgelope vyf jaar, kan ek met trots sê dat my Departement 'n aantal programme geïmplementeer het wat mense in staat stel om hul lewensomstandighede te verbeter. Die Thusong- en Gemeenskapsontwikkelingswerkerprogramme was instrumenteel daarin om dienste na die mense te bring. Ten minste 1.2 miljoen mense ontvang jaarliks deur middel van die Thusong-dienssentrums toegang tot regeringsdienste. Die Departement sal in 2017/18 maniere verken om die Thusong-program uit te brei om middelpunte vir armoedeverligting, werkskepping en breëbasis-gemeenskapsontwikkeling te wees.

Die Gemeenskapsontwikkelingswerkers (GOW's) verwys jaarliks meer as 30 000 gevalle na verskillende regeringsdienste oor praktiese probleme wat mense se lewens raak. Daarbenewens het die GOW's tussen 50 en 60 gemeenskapsprojekte ondersteun. Hierdie projekte dek verskeie gebiede, soos koöperasies, steun vir opkomende boere, voedseltuine, jeugontwikkeling en vaardigheidsontwikkeling. Die GOW's sal voortgaan om agente van verandering in gemeenskappe te wees en ingrypings te implementeer wat gemik is op die verbetering van toegang tot kleinskaalse ekonomiese geleenthede en die verbetering van toegang tot regeringsdienste.

Die brandseisoen van 2016/17 was 'n aanduiding dat veldbrande steeds 'n groot probleem in die Provinsie is, nie slegs as 'n gevaar vir die omgewing en eiendomme nie, maar menselewens word ook toenemend deur hierdie brande in gevaar gestel. Meer as 17 000 brande is reeds deur die Brandweerdienste in die Provinsie hanteer. Bykans 2 000 hiervan is in informele nedersettings aangemeld, wat 5 900 individuele eenhede behels het en tot 142 sterftes gelei het. Skade aan die formele sektor word op meer as R500 miljoen geskat.

Jare se navorsing oor brande in informele nedersettings het bevind dat die meerderheid van sterftes aan rookinaseming gekoppel is,



en nie aan die brande self nie. Die Wes-Kaapse Rampbestuursentrum het op grond van hierdie navorsing 'n strategie ontwikkel wat die installering van rookalarms in ons kwesbare gemeenskappe behels. Hierdie toestelle sal help om mense wakker te maak voordat dit te laat is en sal sodoende brandverwante sterftes verminder.

My Departement erken ook dat die toestand van baie Brandweerdienste in die Provinsie, veral buite die metropolitaanse gebiede, 'n bron van toenemende kommer is. Die finansiële situasie van die meeste distriksmunisipaliteite het gelei tot ou en uitgediende toerusting wat nie vervang word nie. My Departement het tot hede oor die 2017 MTUR tien ten volle toegeruste, doelgeboude brandbestrydingsvoertuie aangekoop vir ontplooiing na landelike munisipaliteite regoor die Provinsie. Brandbestrydingsvoertuie vorm deel van 'n projek wat altesaam R42.5 miljoen se belegging oor die 2017 MTUR vir die verbetering van brandbestrydingskapasiteit in die Provinsie behels. Hierdie inisiatief is 'n aanduiding van my Departement se verbintenis tot die versterking van brandbestrydingsvermoëns in landelike gebiede.

Daarbenewens het my Departement die jaarlikse toelaes van R422 000 elk aan Lewensredding Wes-Kaap en aan die Nasionale Seereddingsinstituut (NSRI) oorhandig om waterveiligheid regoor die Provinsie te versterk. 'n Bykomende bedrag van R585 000 is aan die NSRI voorsien vir die verkryging van drie vaartuie wat hul reaktiewe reddingsdienste by hoë-risiko strande sal verbeter. Die NSRI is nie slegs 'n reaktiewe diens wat reageer op diegene wat die risiko loop om te verdrink nie, maar is ook proaktief met die opvoeding van kinders om verdrinking te voorkom.

Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) van 'n munisipaliteit is 'n enkele en inklusiewe strategiese plan vir die ontwikkeling van 'n munisipaliteit, wat planne en hulpbronne op 'n volhoubare wyse integreer. Dit is van kardinale belang dat burgers deelneem aan die ontwikkeling en prioritering wat in hierdie belangrike dokument vervat is. My Departement gaan voort om munisipaliteite in hierdie verband te ondersteun. So byvoorbeeld word die ontwikkeling van 'n toepassing vir burgerskakeling tans ondersoek. Daar word beoog dat deelname van gemeenskappe aan munisipale prosesse deur hierdie toepassing versterk sal word, aangesien mense op hul vingerpunte met hul selfone aan 'n munisipaliteit se inisiatiewe vir die verbetering van dienslewering sal kan deelneem.

Ten einde uitdagings met dienslewering aan te spreek, moet ons die kapasiteit van ons munisipaliteite verbeter. Gesonde administrasie vorm dus die ruggraat van doeltreffende dienslewering. Projekte soos die organisatoriese herontwerp wat gefokus is op die hersiening van die bestaande struktuur van 'n munisipaliteit, en die herontwerp daarvan om plaaslike omstandighede, operasionele vereistes en die eise van dienslewering te weerspieël, is by munisipaliteite geïmplementeer.

Strukture is ook in ooreenstemming met munisipale GOP's en begrotings gebring. Dit lei tot verbeterde produktiwiteit en finansiële volhoubaarheid oor die medium- tot langer termyn. Geteikende ondersteuning sal aan munisipaliteite voorsien word om die uitdagings in spesifieke munisipaliteite aan te spreek. Dit sal pogings soos die lewering van regsondersteuning en -advies, voorsiening van opleiding aan Raadslede en munisipale amptenare, en die verspreiding van plaaslike regering se wetgewende raamwerk aan pas aangestelde Raadslede insluit. Dit sal doeltreffende en effektiewe korporatiewe beheer teweegbring, met die doel om uiteindelik dienslewering te verbeter.

Die bevordering van toegang tot basiese dienste is een van die sleutelaandrywers om inwoners van die Provinsie se lewensomstandighede te verbeter. Wat toegang tot basiese dienste betref, het die Provinsie die afgelope paar jaar die voortou in die land geneem. Ons neem kennis dat die verwydering van agterstande in dienslewering 'n volgehoue uitdaging vir munisipaliteite is. Swak infrastruktuur kan die lewering van basiese dienste aan gemeenskappe in gedrang bring. My Departement se programme, begrotings en pogings word gerig op die verbetering van gemeenskappe se lewensomstandighede. Die Departement sal oor die 2017 MTUR voortgaan om homself uit te daag om te fokus op projekte wat regstreeks en onregstreeks 'n impak op gemeenskappe het.



**AW Bredell**  
**MINISTER VAN PLAASLIKE**  
**REGERING, OMGEWINGSKE EN**  
**ONTWIKKELINGSBEPLANNING**

## AMPTELIKE AFTEKENING

Daar word hiermee gesertifiseer dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan

- onder leiding van die Provinsiale Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, mnr A Bredell, deur die bestuur van die Departement van Plaaslike Regering (DPR) opgestel is;
- in lyn met die huidige Strategiese Plan van die Departement van Plaaslike Regering voorberei is; en
- 'n akkurate weergawe bied van die prestasieteikens wat die Departement van Plaaslike Regering sal poog om met die hulpbronne wat in die begroting vir 2017/18 beskikbaar gestel is, te bereik.

Mev B Sewlall-Singh  
Hoof Finansiële Beampte



Mnr A Dlwengu  
Direkteur: Beleid en Strategiese Ondersteuning



Mnr G Paulse  
Rekenpligtige Beampte (Departementshoof)



Goedgekeur deur:

Mnr AW Bredell





## LYS VAN AFKORTINGS

<b>RB:</b>	Rekenpligtige Beampte		
<b>GOW:</b>	Gemeenskapsontwikkingswerker		
<b>SK:</b>	Stad Kaapstad		
<b>GWP:</b>	Gemeenskapwerkeprogram		
<b>DKF:</b>	Distrikskoördineringsforum		
<b>DSRTS:</b>	Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake		
<b>DPR:</b>	Departement van Plaaslike Regering		
<b>DM:</b>	Distriksmunisipaliteit		
<b>DME:</b>	Departement van Monitering en Evaluering		
<b>GCIS:</b>	Regeringskommunikasie- en inligtingstelsel		
<b>BBP:</b>	Bruto binnelandse produk		
<b>IKT:</b>	Inligting- en kommunikasietegnologie		
<b>GOP:</b>	Geïntegreerde Ontwikkelingsplan		
<b>IRV:</b>	Interregeringsverhoudinge		
<b>PEO:</b>	Plaaslike ekonomiese ontwikkeling		
<b>LGTAS:</b>	Omkeerstrategie vir plaaslike regering		
<b>M&amp;E:</b>	Monitering en evaluering		
<b>MFMA:</b>	Wet op Munisipale Finansiële Bestuur		
<b>MGRO:</b>	Oorsig en uitsig van munisipale korporatiewe beheer		
<b>MIG:</b>	Toelae vir munisipale infrastruktuur		
<b>MIGMIS:</b>	Bestuursinligtingstelsel vir die toelae vir munisipale infrastruktuur		
<b>MINMAY:</b>	Forum van die provinsiale Minister van Plaaslike Regering en uitvoerende burgemeesters		
<b>MINMAYTECH:</b>	Forum van die Departementshoof: Plaaslike Regering en Munisipale Bestuurders		
<b>MISA:</b>	Agentskap vir ondersteuning met munisipale infrastruktuur		
<b>MMC:</b>	Munisipale minimum bevoegdheid		
<b>MPRA:</b>	Wet op Munisipale Eiendomsbelasting,		
			2004 (Wet 6 van 2004)
<b>MTUR:</b>	Mediumtermyn-uitgaweraamwerk		
<b>MTSR:</b>	Mediumtermyn- strategiese raamwerk		
<b>MSA:</b>	Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000)		
<b>NSDP:</b>	Nasionale ruimtelike ontwikkelingsperspektief		
<b>NSRI:</b>	Nasionale Seereddingsinstituut		
<b>OPBS:</b>	Organisatoriese prestasiebestuurstelsel		
<b>PKF:</b>	Premier se Koördinerende Forum		
<b>PFMA:</b>	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 2003		
<b>PGMTEC:</b>	Komitee vir provinsiale regering mediumtermynuitgawes		
<b>PBS:</b>	Prestasiebestuurstelsel		
<b>PSD:</b>	Provinsiale strategiese doelwit		
<b>PSDF:</b>	Provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk		
<b>PT:</b>	Provinsiale Tesourie		
<b>RMT:</b>	Streekbestuursplan		
<b>SALGA:</b>	Vereniging vir Suid-Afrikaanse Plaaslike Regering		
<b>VKB:</b>	Voorsieningskanaalbestuur		
<b>DLBIP:</b>	Dienslewering- en begrotingsimplementeringsplan		
<b>SDF:</b>	Ruimtelike ontwikkelingsraamwerk		
<b>SDI:</b>	Integrering van dienslewering		
<b>TSC:</b>	Thusong-dienssentrum		
<b>WK:</b>	Wes-Kaap		
<b>WKR:</b>	Wes-Kaapse Regering		

## CONTENTS

### DEEL A: STRATEGIESE OORSIG

1.	Visie	2
2.	Missie	2
3.	Waardes	2
4.	Wetgewende en ander mandate	2
4.1.	Grondwetlike mandate	2
4.2.	Wetgewende mandate	2
4.3.	Ander wetgewing oor Plaaslike Regering	4
4.4.	Transversale Wetgewing	4
4.5.	Beleidsmandate van Plaaslike Regering	4
4.6.	Ander beleidsmandate	4
4.7.	Beplande beleidsprogramme	5
5.	Bygewerkte situasie-ontleding	5
5.1	Prestasieleweringomgewing	5
5.2	Organisatoriese omgewing	7
5.3	Strategiese beplanningsproses	8
6	STRATEGIESE UITKOMSGEORIËNTEERDE TEIKENS	9
6.1	Belyning met die Nasionale Ontwikkelingsplan, nasionale uitkomst en provinsiale strategiese doelwitte	9
6.2	Belyning met die Provinsiale Strategiese Plan	12

### DEEL B: STRATEGIESE DOELWITTE

7.	Begrotingsprogramstruktuur	18
8.	Strategiese doelwitte en programprestasie-aanwysers	19
8.1	Program 1: Administrasie	19
	Program 1: Ontleding van uitgawetendense	22
8.2	Program 2: Plaaslike Korporatiewe Beheer	24
	Program 2: Ontleding van uitgawetendense:	46
8.3	Program 3: Ontwikkeling en Beplanning	48
9.	Nasionaal voorgeskrewe aanwysers wat onder ander departemente ressorteer:	63
10	Risikobestuur	64

### DEEL C: AANSLUITING BY ANDER PLANNE

11.	Voorwaardelike Toelaes	67
12.	Openbare entiteite	79
13.	Publieke-Private Vennootskappe	79

### BYLAES

Bylae A: Organisatoriese struktuur	80
Bylae B: Tegniiese aanwysers	80



*Photo: Patrick Ryan, Vulcan Wildfire Services*



## 1. Visie

'n Doeltreffende en dinamiese span wat goed beheerde munisipaliteite in staat stel om op 'n reagerende, volhoubare en geïntegreerde wyse dienste aan gemeenskappe te lewer.

## 2. Missie

Om munisipaliteite te monitor, koördineer en ondersteun om doeltreffend in die nakoming van hul ontwikkelingsgerigte mandate te wees, en om dienslewering en ramp-veerkragtigheid deur middel van skakeling met regeringsvlakke en maatskaplike vennote te fasiliteer.

## 3. Waardes

Die Departement se waardes stem ooreen met die ses provinsiale waardes, naamlik:

- Sorgsaamheid;
- Bevoegdheid;
- Aanspreeklikheid;
- Integriteit;
- Responsiwiteit; en
- Innovasie.

## 4. Wetgewende en ander mandate

### 4.1. Grondwetlike mandate

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996) bepaal die nasionale oorkoepelende raamwerk vir die werksaamhede van alle regeringsdepartemente in Suid-Afrika. Hoofstuk 7 sit die doelwitte en mandate ten opsigte van plaaslike regering uiteen. Die volgende mandate vir die Departement van Plaaslike Regering kan daaruit onttrek word:

- Om munisipaliteite in ooreenstemming met nasionale wetgewing in te stel;
- Om die kapasiteit van munisipaliteite te ondersteun en te versterk;
- Om die prestasie van munisipaliteite ingevolge hul funksies, soos uiteengesit in bylae 4 en 5 van die Grondwet, te reguleer;
- Om tussenbeide te tree in gevalle van nienakoming van wetgewende, uitvoerende of finansiële verpligtinge; en
- Om ontwikkelingsgerigte plaaslike regering te

bevorder.

### 4.2. Wetgewende mandate

Die Witskrif op Plaaslike Regering (1998) en die daaropvolgende stel verbandhoudende wetgewing (hieronder beskryf), bepaal die nasionale konteks vir landwyse plaaslike regering.

#### a) Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakening, 1998 (Wet 27 van 1998)

Hierdie Wet stel dit ten doel:

- Om kriteria en prosedures te voorsien vir die bepaling van munisipale grense deur 'n onafhanklike gesag.

#### b) Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 en Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000)

Hierdie wette:

- Beskryf gesamentlik die politieke besluitnemingstelsels wat op die verskillende kategorieë van munisipaliteite van toepassing is;
- Bepaal die bevoegdhede en pligte van verskillende rolspelers;
- Reguleer die delegering van bevoegdhede;
- Verskaf 'n gedragskode om raadslede asook amptenare te reguleer; en
- Stel die standaard waarvolgens Provinsiale Regering die munisipaliteite in sy regsgebied moet reguleer, monitor, ondersteun en koördineer.

#### c) Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) (MFMA)

Hierdie Wet stel dit ten doel om:

- Gesonde en volhoubare bestuur van die finansiële sake van munisipaliteite te verseker; en
- Norme en standaard te stel waarvolgens die finansiële sake gemonitor en gemeet kan word.

#### d) Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet 6 van 2004) soos gewysig deur die Wysigingswet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2014 (Wet 29 van 2014)

Hierdie Wet stel dit ten doel om:

- Die bevoegdheid van 'n munisipaliteit om belasting op 'n eiendom te hef, te reguleer;
- Sekere eiendomme van belasting te onthef;
- Voorsiening te maak vir munisipaliteite om 'n deursigtige en billike stelsel van vrystellings te implementeer;
- 'n Korting deur middel van belastingbeleid te implementeer;
- Voorsiening te maak vir billike en regverdige waardasiemetodes van eiendomme; en
- Voorsiening te maak vir 'n 'beswaar- en appèlproses'.
- Die Wysigingswet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2014 het op 1 Julie 2015 in werking getree.
- Die Wet stel dit ten doel om:
- Voorsiening te maak vir verskillende wysigings, toevoegings en skappings ten einde behoorlike verslagdoening, nakoming en implementering van die prosesse en prosedures rakende die implementering van die Wet te bevorder.

**e) Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002)**

Hierdie Wet bepaal:

- Geïntegreerde en gekoördineerde rampbestuur wat op snelle en doeltreffende reaksie gefokus is;
- Herstel van rampe asook die vermindering van ramprisiko;
- Die instelling van provinsiale en munisipale rampbestuursentrums;
- 'n Raamwerk waarvolgens die provinsiale rampbestuursentrum bedryf word en met munisipaliteite en toepaslike belanghebbendes oor rampverwante sake skakel.

**f) Wysigingswet op Rampbestuur, 2015 (Wet 16 van 2015)**

Die Wysigingswet stel dit ten doel om onder meer:

- Die beleidfokus oor rehabilitasie en die funksionering van rampbestuursentrums duidelik uiteen te sit;
- Die funksies van die Nasionale Rampbestuuradviesforum te belyn om die Suid-Afrikaanse Nasionale Platform vir Ramprisikovermindering te

akkommodeer;

- Voorsiening te maak vir die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, Suid-Afrikaanse Polisiediens en enige ander staatsorgaan om die rampbestuurstrukture by te staan; en
- Die verslagdoeningstelsel oor ramprisiko te versterk ten einde die land se vermoë om potensiële rampe te bestuur, te verbeter.

**g) Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, 2005 (Wet 13 van 2005)**

Hierdie Wet stel dit ten doel om:

- 'n Raamwerk te vestig vir nasionale en provinsiale regerings asook munisipaliteite om interregeringsverhoudinge te bevorder en fasiliteer; en
- Meganismes en prosedures te voorsien om die oplossing van interregeringsgeskille te fasiliteer.

**h) Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013)**

Hierdie Wet stel dit ten doel om:

- Voorsiening te maak vir 'n raamwerk vir ruimtelike beplanning en grondgebruikbestuur in die Republiek;
- Die verwantskap tussen die ruimtelike beplanning- en die grondgebruikbestuurstelsel en ander soorte beplanning te spesifiseer;
- Voorsiening te maak vir inklusiewe, ontwikkelingsgerigte, billike en doeltreffende ruimtelike beplanning op die verskillende vlakke van die regering;
- Voorsiening te maak 'n raamwerk vir die monitering, koördinering en hersiening van die ruimtelike beplanning- en grondgebruikbestuurstelsel;
- Voorsiening te maak vir 'n raamwerk vir beleide, beginsels, norme en standarde vir ruimtelike ontwikkelingsbeplanning en grondgebruikbestuur;
- Aandag te skenk aan vorige ruimtelike en regulerende wanbalanse;
- Konsekwentheid en eenvormigheid in die aansoekprosedures en besluitneming deur owerhede verantwoordelik vir grondgebruikbesluite en

ontwikkelingsaansoeke te verseker;  
 Voorsiening te maak vir die instelling, funksies en werksaamhede van munisipale beplanningstribunale;  
 Voorsiening te maak vir die fasilitering en toepassing van grondgebruik- en ontwikkelingsmaatreëls; en  
 Voorsiening te maak vir alle aangeleenthede wat met bogenoemde verband hou.

#### 4.3. Ander wetgewing oor Plaaslike Regering

Plaaslike Regering word benewens 'n grondwetlike mandaat ook deur ander wetgewing gelei, naamlik:

- Wet op Brandweerdienste, 1987 (Wet 99 van 1987);
- Nasionale Wet op Nasionale Veld- en Bosbrande, 1998 (Wet 101 van 1998);
- Wet op Ontwikkelingsfasilitering, 1995 (Wet 65 van 1995);
- Wysigingswet op Plaaslike Regeringswette, 2008 (Wet 19 van 2008);
- Wes-Kaapse Wet op die Bepaling van Tipes Munisipaliteite, 2000 (Wet 9 van 2000);
- Wet op die Besoldiging van Openbare Ampsdraers, 1998 (Wet 20 van 1998);
- Wes-Kaapse Wet op Voorregte en Immuniteite van Raadslede (Wet 2 van 2011);
- Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008); en
- Wes-Kaapse Wet op die Monitering en Ondersteuning van Munisipaliteite, 2014 (Wet 4 van 2014)

#### 4.4. Transversale Wetgewing

'n Reeks transversaal-administratiewe vereistes beïnvloed die werk van die Departement in sy verskeie funksies, naamlik:

- Staatsdienswet, 1994 (Wet 103 van 1994) en Staatsdiensregulasies van 2000;
- Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) en Nasionale Tesourieregulasies;
- Wet op die Jaarlikse Verdeling van Inkomste, 2010 (Wet 1 van 2010);
- Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998);
- Wet op Vaardigheidshewing, 1999 (Wet 9 van 1999);
- Wet op Billike Indiensneming, 1998 (Wet

- 55 van 1998);
- Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995);
- Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997);
- Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993);
- Wet op Munisipale Verkiesings, 2000 (Wet 27 van 2000);
- Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000);
- Wet op die Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, 2000 (Wet 4 van 2000);
- Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000);
- Wet op Nasionale Argiewe en Rekorddiens van Suid-Afrika, 1996 (Wet 43 van 1996); en
- Wet op die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005 (Wet 3 van 2005).

#### 4.5. Beleidsmandate van Plaaslike Regering

Die volgende bepaal die beleidsraamwerk vir Plaaslike Regering:

- Witskrif op Plaaslike Regering, 1998;
- Nasionale Omkeerstrategie vir Plaaslike Regering, 2009;
- Strategie oor Antikorrupsie in Plaaslike Regering, 2006;
- Beleid oor Gratis Basiese Dienste, 2000/01;
- Nasionale Raamwerk vir Openbare Deelname, 2007; en
- Nasionale Terug-na-Basiese-Beginselsstrategie, 2014

#### 4.6. Ander beleidsmandate

Die werk van plaaslike regering word ook deur die volgende beleidsmandate beïnvloed:

- Wes-Kaapse Rampbestuursraamwerk, 2010;
- Batho Pele-beginsels;
- Beleidsraamwerk vir 'n Regeringswye Monitering- en Evalueringstelsel (M&E), 2007;
- Raamwerk vir die Bestuur van Programprestasie-inligting, 2007 (FMPPI);
- Suid-Afrikaanse Statistiese Gehalteversekeringsraamwerk, 2007;

- Nasionale Ruimtelike Ontwikkelingsperspektief, 2002 (NSDP);
- Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, 2014 (PSDF);
- Nasionale Rampbestuursraamwerk, 2005;
- Nasionale Ontwikkelingsplan (Visie 2030); en
- Provinsiale Meesterplan vir GOW.

#### 4.7. Beplande beleidsprogramme

Daar is geen beplande beleidsprogramme vir 2017/18 nie.

## 5. Bygewerkte situasie-ontleding

### 5.1 Prestasieleweringsomgewing

Indien die vlak van ontwikkeling in gemeenskappe geëvalueer sou word deur die vlak van prestasie van munisipaliteite, sou ons kon aanvoer dat die toestand in gemeenskappe verbeter. Gegewe die traë ekonomiese groei is dit egter moeilik om dit te sê; eerder dat die Departement homself moet voorberei vir moeiliker tye wat voorlê.

Die vlak van toegang tot basiese dienste deur gemeenskappe word erken as 'n belangrike element vir menslike ontwikkeling. Die gemeenskapsopname wat in 2016 vrygestel is, dui aan dat munisipaliteite in die Provinsie goed vaar wat toegang tot basiese dienste betref. (Verwys na onderstaande tabel.)

Gemeenskapsopname - 2016

Aanwyser	Wes-Kaap
Bevolking	6 246 M
Elektrisiteit	99%
Toegang tot water	98%
Sanitasie	93.3%

Wat van belang is, is dat geografiese isolasie, swak infrastruktuur en vaardigheidstekorte slegs 'n paar van die uitdagings is waarvoor munisipaliteite te staan kom. Die Departement sal voortgaan om munisipaliteite te ondersteun in die verbetering van hulle prestasie. Beter basiese dienste kan die welstand van mense wat minder bevoorreg is, aansienlik verbeter, en veral diene wat meer kwesbaar vir swaarkry is.

Die bevordering van toegang tot basiese dienste is een van die sleutelaandrywers om inwoners van hierdie Provinsie se lewensomstandighede te verbeter. Die verbetering van billike toegang tot dienste soos water, sanitasie en elektrisiteit bevorder ook langtermyn groei en sluit aan by die Provinsiale Strategiese Plan se doelwitte om goeie regering en geïntegreerde dienslewering deur middel van vennootskappe en ruimtelike belyning vas te lê.

Die Departement sal voortbou op die sukses in dienslewering wat oor die afgelope dekade behaal is deur sterker te fokus op die verbetering van kapasiteit en kundigheid om dienste te lewer waar dit die nodigste is.

Daarbenewens word uitdagings met dienslewering veral in informele nedersettings, landelike gebiede en op plase ervaar. Die Departement het oor die afgelope boekjaar munisipaliteite finansiële bygestaan om die uitdagings in dienslewering die hoof te bied. Die Provinsie oorweeg tans die agriwerkers-elektrifisering-loodsprojek wat vir plaaswerkers toegang tot voorafbetaalde elektrisiteit sal gee. Die Departement sal in die toekoms steeds sy toesighoudende rol vervul en munisipaliteite ondersteun om te verseker dat alle gemeenskappe toegang tot basiese dienste het. Ná bykans vyf jaar se ondersteuning vir basiese dienste, sal die Departement verder die regering se eie program van toelaebefondsing vir basiese dienste aanwend om billikheid te bevorder, kapasiteit te versterk en belangrike stelsels vir dienslewering institutionaliseer, veral op plaaslike vlak.

Munisipaliteite het 'n uitdagende tydperk ondervind met die 2016 plaaslike regeringsverkiesing. Daar was veranderinge in politieke leierskap in munisipaliteite en politieke koalisies om oor die politieke leierskap van sekere munisipaliteite te besluit. Vakatures van senior bestuurders het in sommige munisipaliteite begin manifesteer deur 'n aantal poste wat vakant geraak het. Daarbenewens het die kontrakte van munisipale bestuurders as gevolg van wetgewende bepalings binne 'n jaar na die verkiesing tot 'n einde gekom.

Die realiteit waarvoor Plaaslike Regering te staan kom, is dat die voorgeskrewe Regulasies oor Munisipale Minimum Bevoegdheidsvlakke



'n negatiewe invloed op die werwing van senior bestuurders gehad het. Die poel van bevoegde kandidate is nou beperk as gevolg van die tekort aan gekwalifiseerde senior bestuurders wat aan die Minimum Bevoegdheidsvlakke voldoen. Die onlangse kwytskelding wat op 3 Februarie 2017 deur die Minister van Finansies gepubliseer is, kan egter in 'n mate die uitdagings met betrekking tot die minimum bevoegdheidsvereistes vir senior bestuurders verlig, aangesien dit moeilik was om geskikte kandidate vir vakatures te vind. Nieteenstaande laasgenoemde, dra die negatiewe impak van die huidige Boonste Perke ook aansienlik by tot die vakaturekoers wat by munisipaliteite bestaan, want dit maak dit vir munisipaliteite moeilik om hoogs ervare individue te lok. Dit kan aanleiding gee tot 'n sterker vraag na ondersteuning van die Departement om waarnemende posbekleërs vir die vakante poste te ontplooi of tydelik oor te plaas. Die implikasies vir Plaaslike Regering en die administrasie van munisipaliteite is enorm. Kritieke poste in munisipaliteite kan effens langer as wat verwag word vakant bly en dit is 'n situasie wat munisipaliteite nie kan bekostig nie.

Gegewe die feit dat daar nuutverkose raadslede is, het die behoefte om hulle vermoëns op te bou en die Riglyne oor Plaaslike Regering Wetgewende Raamwerk aan hulle te besorg, uiters belangrik geword. Dit sal doeltreffende en effektiewe regering teweegbring, en uiteindelik dienslewering verseker.

Alhoewel toegang tot regeringsdienste verbeter het, is daar steeds 'n paar gebiede in die Provinsie waar toegang tot en inligting oor regeringsdienste 'n groot bron van kommer is. Die Thusong-program en die Program vir Gemeenskapsontwikkelingswerkers het albei 'n groot rol in hierdie verband gespeel. Die Thusong-program het verseker dat regeringsdienste na die mees behoeftige gemeenskappe in die landelike gebiede geneem word. Die evolusie van tegnologiese vordering kan 'n uitdaging vir die prestasie van hierdie program stel en kan moontlik innoverende benaderings verg. Die rede hiervoor is die desentralisasie van lyndepartemente, outomatisering van dienste, en 'n toename in toegang tot breëband en Wi-Fi. Dit kan daartoe lei dat die behoefte aan uitreikprogramme in die toekoms stelselmatig afneem.

Dit is 'n nuwe vyfjaartydperk vir munisipaliteite, wat beteken dat dit 'n nuwe vyfjaar-beplanningsiklus is wat die ontwikkeling van nuwe Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne (GOP'e) vir die volgende vyf jaar vereis. Daar word van munisipaliteite verwag om hul gemeenskappe hieroor te raadpleeg. Die instelling van wykskomitees vir die volgende vyf jaar het van kardinale belang geword om die beginsel van deelnemende demokrasie te bevorder. Kommunikasie word ook een van die belangrike pilare in die nuwe trajek. Vir hierdie doel sal die Departement die aanwending van verskillende platforms vir inligting-en-kommunikasietegnologie (IKT) verken om burgerlike deelname aan munisipale prosesse te bevorder.

Die Provinsie staan deurlopend 'n groot uitdaging in die gesig met brande wat jaarliks tot honderde sterftes in kwesbare gemeenskappe lei. Die brandrisiko in die Provinsie word vererger deur die voortslepende droogte en laer as normale reënval, tesame met hoë "biomassa" (brandstoflading). Gedurende die 2016/17-verslagtydperk is meer as 17 000 brande deur die Brandweerdienste in die Provinsie hanteer. Bykans 2 000 hiervan is in informele nedersettings aangemeld, wat 5 900 individuele eenhede behels het en tot 142 sterftes gelei het. Bykans 9 000 veld-/plantegroei-brande is aangemeld. Groot brande het in die Kaapse Wynland-distrik in die gebiede rondom Ceres en Stellenbosch voorgekom. Soortgelyke groot brande is ook in die Overberg- en Eden-distrik aangemeld. In die Stad Kaapstad het groot brande rondom Simonstad, Tafelberg en Sir Lowry's-pas voorgekom. Regstreekse skade aan die formele sektor is na skatting meer as R500 miljoen. Onregstreekse skade, veral vir toerisme, bosbou en landbou, is baie moeilik om te kwantifiseer.

Vroeë gewaarwording en verslagdoening is die hoekstene in die minimering van die impak van 'n verwoestende brand. Laasgenoemde, gekoppel aan 'n snelle reaksie en aanvanklike aanval-strategie, verhoog die kans om brande so spoedig as moontlik te beheer en onderdruk. Die Wes-Kaap het 'n omvattende Geïntegreerde Brandbestuurstrategie wat programme vir bewusmaking en voorspraak insluit. Hierdie strategie is die hoogtepunt van 'n gekoördineerde, jaarlange beplanningsproses wat alle belangrike

rolspelers insluit. Statutêre liggame bestaan op alle regeringsvlakke om behoorlike koördinerings en implementering op alle vlakke te verseker. Huidige beplanningsprosesse neem toenemend die ekologiese behoeftes van hierdie biodiverse streek in ag. Mense, eiendom en infrastruktuur, insluitend gewasse, sal altyd teen brande beskerm word, maar meer pogings word aangewend om brande vir ekologiese doeleindes te bestuur.

Die studie oor die oorsake van brandverwante sterftes wat in vennootskap met die Mediese Navorsingsraad deur die Departement onderneem is, het bevind dat die meerderheid van sterftes aan rookinaseming eerder as die brande self te wyte is. Die rede hiervoor is omdat die meerderheid van brandverwante sterftes in informele nedersettings in die nag voorkom wanneer mense slaap, met 1 vm as die spitsyd. Die slagoffers is grotendeels jong kinders en bejaardes. Die grootste doder in 'n huisbrand is die rook wanneer mense slaap, want die reuk van rook maak mens nie wakker nie. Gegewe hierdie werklikheid, is die uitdaging om die sterftes in informele nedersettings as gevolg van brande en verwante rookinaseming aan te spreek.

Die grootste bydraer tot die bruto binnelandse produk (BBP) van hierdie Provinsie is landbou. Met klimaatsverandering en die gevolge van droogte in ons land en die Provinsie, moet proaktiewe maatreëls in plek gestel word om die gevolge van droogte te versag. Die Suid-Afrikaanse Weerdiens het aangedui dat die huidige droogtetoestande geensins verby is nie en dat die Provinsie in hierdie somerseisoen nog ernstige uitdagings in die gesig sal staar. Vyf munisipaliteite is tot dusver weens die droogte as rampgebiede verklaar. Indien die Provinsie nie gedurende die volgende

winterseisoen voldoende reën kry nie, sal die situasie noemenswaardig verswak. Volgehoue skakeling tussen nasionale en provinsiale sektordepartemente en munisipaliteite is nodig om die impak van die droogte te probeer minimizeer.

## 5.2 Organisasoriese omgewing

Die swak ekonomiese vooruitsig en beperkte hulpbronne noodsaak die departement om maatreëls in te stel om doeltreffendheid te verbeter. 'n Belangrike aspek van hierdie pogings is om burger-gesentreerde dienslewering te verseker.

Die Departement van Plaaslike Regering het 1% en 2% verminderings op beleidsprioriteite toegepas en fondse geoormerk wat oor die 2017 MTUR aan die Departement toegeken is.

Nuwe prioritisering van fondse om binne die basislyne te bly is nie moontlik om die wysigings in die basislyne aan te bring sonder die risiko dat lewerbare uitsette van die JPP en dienslewering beïnvloed word nie. Die omvang van die basislynbegroting het nooit toegeneem nie, terwyl die Departement se verantwoordelikhede meer geword het sedert die wegbreek van die Departement van Menslike Nedersettings, en dit kan die gehalte van ons steun aan munisipaliteite in gedrang bring.

Reprioritisation of funds to remain within the baselines is not possible to effect the adjustments within the baselines without the risk of affecting APP deliverables and service delivery. The size of the baseline budget has never increased whilst the Department's responsibilities have increased since its break from the Department of Human Settlements and this may compromise the quality of our support to municipalities.

### Indiensneming en vakatures per program soos op 31 Maart 2016

Program	Getal aktiewe poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers %
Program 1	63	53	15.9%
Program 2	246	241	2.0%
Program 3	52	51	1.9%
<b>Totaal</b>	<b>361</b>	<b>345</b>	<b>4.4%</b>

## Indiensneming en vakatures per salarisband soos op 31 Maart 2016

Salarisband	Getal aktiewe poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers %
Laer geskool (Vlak 1-2)	0	0	0.0%
Geskool (Vlak 3-5)	33	30	9.1%
Hoogs geskool produksie (Vlak 6-8)	209	207	1.0%
Hoogs geskool toesighouding (Vlak 9-12)	103	94	8.7%
Senior bestuur (Vlak 13-16)	16	14	12.5%
<b>Totaal</b>	<b>361</b>	<b>345</b>	<b>4.4%</b>

## 5.3 Strategiese beplanningsproses

Die Minister het tydens verskeie samesprekings met die Departementshoof sy prioriteite vir die volgende drie jaar gedeel. Die Minister se prioriteite is aan die senior bestuurslui van die Departement oorgedra, en dit is daarna op ander transversale platforms gedeel om die toepaslikheid daarvan te bepaal.

Die Departement het ook evalueringstudies onderneem en navorsingstudies ontleed wat in vennootskap met ander belanghebbendes gedoen is om die noodsaaklikheid van ingrypings te bepaal. Platforms soos MGRO, PSF-werkgroepe, GOP-assesserings en MINMAY het die Departement voorsien van data wat ontleed kon word om ons beplanning in te lig. Die Eenheid Beleid en Strategiese Ondersteuning het tydens hul beplanning met Hoofdirekorate geskakel en leiding voorsien om te verseker dat daar

in hul planne voorsiening gemaak word vir die prioriteite wat deur die Minister en die Departementshoof aangedui is, asook dié wat in belangrike dokumente soos die Nasionale Ontwikkelingsplan, Mediumtermyn-Strategiese Raamwerk (MTSR) en die Provinsiale Strategiese Plan vervat is. Dit het gelei tot 'n departementele strategiese beplanningsessie waar die bestuur van die Departement, insluitend middelbestuur, gelei deur die Minister en die Departementshoof, die planne van elke direktoraat deurgewerk het.

Hierdie proses is gevolg deur intensiewe samesprekings wat gefokus het op die bepaling van begrotings vir die planne, en dit is gedurende die PGMTEC 1 en 2 aan die Provinsiale Begrotings-komitee voorgelê. Die planne is verder verfyn gedurende persoonlike gesprekke tussen direktorate, die finansiële span, die Eenheid Beleid en Strategiese Ondersteuning en die Departementshoof.

## 6 STRATEGIESE UITKOMSGEORIËNTEERDE TEIKENS

### 6.1 Belyning met die Nasionale Ontwikkelingsplan, nasionale uitkomst en provinsiale strategiese doelwitte

Die volgende tabel dui aan hoe die Departement aansluit by die Nasionale Ontwikkelingsplan, ander regeringsuitkomst en provinsiale strategiese doelwitte.

NDP-hoofstuk	Oogmerk	Nasionale uitkomst	Provinsiale strategiese doelwit	DPR-reaksie
3. Ekonomie en in diens-neming	Implementering van openbare werk-programme	NR 4: Behoorlike werk deur inklusiewe groei. Sub 3: Verminder werkloosheid onder die jeug Sub 7: Implementering van openbare werkeprogramme	PSD 1: Om geleenthede vir groei en werk te skep	Ondersteun inisiatiewe om Gemeenskapsontwikkelingswerkers se toegang tot kleinskaalse ekonomie te verbeter.
4. Ekonomiese infrastruktuur	Voldoende voorsiening van dienste soos water en elektrisiteit	NR 6: 'n Doeltreffende, mededingende en reagerende ekonomiese infrastruktuur-raamwerk. Sub 2 & 4: Grootmaat-infrastruktuur Sub 6: Kommunikasie- en inligtings-tegnologie	PSD 4. Daarstelling van 'n veerkragtige, volhoubare, goeie-gehalte en inklusiewe lewens-omgewing; Uitset 2: Verbeterde menslike nedersettings PSD 5, Uitset 2: Doeltreffende, effektiewe en reagerende plaaslike korporatiewe beheer	Ondersteun munisipaliteite met meesterplanne vir elektrisiteit.  Ondersteun munisipaliteite met assesserings oor risiko en kwesbaarheid.  IKT-ondersteunings-programme vir munisipaliteite.
5. Volhoubaarheid en veerkragtigheid van die omgewing	Beter gereedheid en veerkragtigheid tydens rampe in uiterste klimaats-gebeure	NR 3: Alle mense in Suid-Afrika voel en is veilig	PSD 4: Veerkragtigheid teen klimaats-verandering	Ondersteun munisipaliteite en regeringsdepartemente met die ontwikkeling en hersiening van ramp-gereedheidsplanne.  Fasiliteer ramprisiko-vermindering deur die insluiting van ramprisiko-maatreëls in munisipale GOP'e.  Installering van rook-verklikkers in informele nedersettings.  Implementeer programme vir brand- en lewens-veiligheid.  Fasiliteer opleiding in insident- en lugbrand-bestryding.
6. Inklusiewe landelike ekonomie	Ondersteuning aan landelike inwoners	NR. 7: Lewendige, billike en volhoubare landelike gemeenskappe en voedselsekerheid vir almal. Sub 3: Landelike dienste en volhoubare bestaan Sub 3: Bevordering van ekonomiese bestaan	PSD 5, Uitset 4: Dienskoppelvlak	Verseker toegang tot regeringsdienste vir mense wat in landelike gebiede woon deur Thusong- mobiele eenhede en die GOW's.





NDP-hoofstuk	Oogmerk	Nasionale uitkoms	Provinsiale strategiese doelwit	DPR-reaksie
9. Transformasie van menslike nedersettings	Hervorm die huidige beplanningstelsel vir beter koördinasie	NR 9: Reagerende, aanspreklike, doeltreffende en effektiewe plaaslike regeringstelsel. Sub 7: Enkele bron van koördinerings	PSD 5, Uitset 4: Geïntegreerde beplanning, begroting en implementering	Verseker belyning van beplanning en uitgawes teenoor prioriteite d.m.v. GOP-evaluerings.
	Aansporings vir burgerlike aktiwiteit vir plaaslike beplanning en ontwikkeling van ruimtelike kompakte	NR. 7: Lewendige, billike en volhoubare landelike gemeenskappe en voedselsekerheid vir almal. Sub 5: Instaatstellende institusionele omgewing vir volhoubare en inklusiewe groei	PSD 5, Uitset 5: Gemeenskapsbetrokkenheid	Ondersteun handelinge om funksionaliteit van wykskomitees te verbeter.
13. Die bou van 'n bevoegde en ontwikkelings-gerigte staat	Stabiliseer die politieke-administratiewe koppelvlak	NR. 12: 'n Doeltreffende, effektiewe en ontwikkelingsgerigte staatsdiens en 'n bemagtigde, regverdigende en inklusiewe burgerskap. Sub 4: Om korrupsie in die staatsdiens aan te pak	PSD 5, Uitset 2: Doeltreffende, effektiewe en reagerende plaaslike korporatiewe beheer	Ondersteun munisipaliteite met wetgewende ontwikkeling.  Ondersteun programme om doeltreffende en effektiewe korporatiewe beheer in munisipaliteite te versterk en verseker.
	Maak loopbane in die staatsdiens en plaaslike regering 'n voorkeur	NR 5: 'n Geskoolde en bevoegde werksmag om 'n inklusiewe groeiplan te ondersteun. Sub 3 en 4: Verhoog toegang tot beroepsgerigte programme in die nodige areas	PSD 5, Uitset 2: Doeltreffende, effektiewe en reagerende plaaslike korporatiewe beheer	Kapasiteitsbou-programme in munisipaliteite geïmplementeer.  Opleidingsprogramme om kapasiteit van munisipale raadslede te versterk.
	Ontwikkel tegniese en professionele vaardighede			Munisipaliteite ondersteun met die aanwysing van lede op die Waardasie-appelraad.
	Hoofstroming van burgerlike deelname	NR. 7: Lewendige, billike en volhoubare landelike gemeenskappe en voedselsekerheid vir almal. Sub 5 : Instaatstellende institusionele omgewing vir volhoubare en inklusiewe groei	PSD 5, Uitset 5: Gemeenskapsbetrokkenheid	Ondersteun handelinge om funksionaliteit van wykskomitees te verbeter.

NDP-hoofstuk	Oogmerk	Nasionale uitkoms	Provinsiale strategiese doelwit	DPR-reaksie
